# DIE DUIWELKOMMISSIE

Ou Dominee vra vir die sinode vir ŉ duiwelkommissie. Die dominee kry ŉ duiwelkommissie. Hulle wil dit amptelike beleid vir dominees maak om duiwels uit lidmate uit te dryf. Hulle jare se ervaring van die duiwelbedryf moet die sinode leiding gee.

Die voorsitter sê almal wat belangstel moet by die duiwelkommissie gaan aanmeld.

Ek gaan want ek weet.

Toe Ou Dominee my sien, toe weet hy ook.

Ek stap nader na die plaashuis met die lidmaat wat nêrens kom nie. Die stories versprei al in die gemeenskap van die duiwelsheid van die plek. Klop. Hy maak oop. Nooi my nie in nie. Wag dat ek self moet betree.

Die wip is toegemaak met lanferdoeke waaronder ek moet buk om in die sitkamer te kom, met ystervarkpenne in Vendapotte, met kerse wat op die vloer gemaak staan is in ŉ vorm van ŉ teken wat ek moes eien as ek weet. Die vangtou is gekamoefleer met een of ander kopbeen van een of ander diertjie uit die woud en ŉ kandelaar van die dak wat tot ŉ meter bo die grond gesak is.

Die verlange na skoonheid is met swart versteek.

Ons voer die ritueel van kenmekaar terwyl hy wag. Hy is gereed vir my.

Iewers in die grouheid van afwesigheid voel ek die woede van ŉ rousmart wat roep om wraak. Ek weet ek moet net naby bly in die stilte waarin ek vermoed word van ŉ voorkennis wat niks kan raaksien nie.

Hy gooi vir my krummels om nader aan die wip te kom: wys sy tatoeëermerk effens as hy sitplek aanbied, speel ŉ plaat met meganiese gruheid as agtergrond vir die huisbesoek en gooi drank in waar daar koffie moes wees.

Ek wys ek weet nie.

Dis asof sy hand op die pluktou verslap.

Ek wys ek weet ook regtig nie. Hoe moet ek die dieptes van ŉ verlies ken waarin ek nie geleef het nie? Hoe moet ek die angs ken van moontlikhede wat nie gebeur het nie?

Dit bring ŉ stilte waarin ons saam kan wees.

Buite in die donker na die groet sidder ek vir die berekendheid van ŉ minagting wat die verskriktheid wat die kerk vir homself glo, gebruik as ŉ skild teen die nabyheid van menswees.

As ek in díe nag nie die mag van my eie sondige begeertes en die krag van my eie selfveroordeling geken nie, sou ek demone gesien het.

Ek sit en wag saam met graad eens op die trappe van die kerk vir ouers wat op pad is. Hulle speel soos kinders speel. Hulle kyk nie na my nie, maar voel my, soos kinders maak. Hy gooi een kaart op die ander kaart. Dis poukemon. Nadat hy my deurtas het sê hy gelate: “Weet dominee my nefie in Pretoria kan nie poukemon speel nie. Dis net hierso wat dit nie duiwels is nie.”

Ek glimlag vir die waarheid wat hy weet al ken hy dit nie: duiwels is geografies gebonde aan predikante en geestelikes wat hulle persoonlik op die naam ken en bestudeer.

Dit was in my eerste jaar op universiteit. Die epilepsie maak so. Ek sit nou en koffie drink tussen medestudente en later word jy wakker tussen groot stoomketels op ŉ harde sement vloer alleen iewers op die hoofkampus.

Hulle sê ek begin hardloop. Ek kan net die smaak en gevoel onthou, nie die hardloop nie. Hulle sê ek praat ook en vir ŉ rukkie is ek iemand anders. Dit het ŉ kontrak van skrik en pret geword. Hulle moes hardloop, vang en op my gaan sit – ŉ oefening in aanvaarding.

Ek het die smaak weer gevoel. Toe ek weer vaag van ander begin weet en hoor, hoor ek die duiwels moet uitgaan in die naam van Jesus Christus. Dis ook ŉ teologiese student. ŉ Sielkunde student vra op ŉ hoë noot of hy seker is hy weet wat hy doen. Ek hoor weer die duiwels moet in die Here se naam uit my uitgaan. In my verlamming vra ek hom om my duiwels uit te los.

Hierdie versoek het onder die teologiese studente wat weet versprei, iets te doen met die weerstand van die bose, niks met vernedering nie.

Sy bel my en vertel dit was die hoof. Dis entrepreneursweek en die kinders moet besigheid doen op die speelgrond. Hy weet wat sy maats wil hê en hy weet hoe om besigheid te doen. Hy verkoop kaarte van die nuutste rekenaarspeletjies. Hy maak die meeste geld en moet as die beste entrepreneur met die beker beloon word.

Die hoof het dit van die verhoog af gedoen. Die kinders het reeds geweet wat hy gaan doen, maar nie die entrepreneur nie. Die hoof het sy produk versamel by sy kliënte, as ŉ naverkoopdiens wat hy nie ingestel het nie. Hy weet dis hy toe die hoof vertel van die invloed van die bose in die skool en die mag van die duiwel wat hom met duiwelse dinge besig hou.

Dis net soos in die hutte nie ver van hierdie nuwe Christelike skool nie. Die wat in hierdie kultuur leef met ondernemingsgees weet dat jy nie sukses mag wys nie. Die stam duld nie prestasie nie. Jy steel hulle krag deur zombies wat jy in die nag vir jou laat werk.

Die hoof is besig om die nuwe geestelikheid van die dorp teen hierdie kind te laat geld: hulle weet wie met duiwels besig is. Met hierdie beker kan hy nie huis toekom nie, maar berus in die geld en die sekerheid dat die hoof nou die opposisie is.

Ek probeer vir hom as kind die vryheid wys van ŉ arend wat sweef in die vaste wete op die onsigbare genade van God terwyl ander met die hande wat gryp en verskeur op die aarde moet voortploeter. Ons glimlag saam bietjie bang vir die hoof se duiwels.

Sy sit voor my. Sy is die leraarsvrou. Ons sit in die kroeg van die Vendaweermag. Sy sê sy het baie stories gehoor en omdat sy ŉ ware wedergebore Christen is wil sy nie die stories glo voor sy dit uit my eie mond gehoor het nie.

Sy ken die kuns van die bekering van mense wat in die okkulte betrokke geraak het. Ek het nie die afspraak gemaak nie maar die ondersoek is gratis.

"Weet ek van die mag van okkult?" Ek sê ek ken hom nie. Sy vra in ŉ dieper en grimmiger stem dieselfde vraag. Toe ek nog steeds nie wil wys ek weet nie, verduidelik sy. "Was ek nie betrokke by ŉ Slamaier of by waarsêery nie ?" Ek sê vir haar ek glo in die Here. Dit tel nie. "Het my ma nie tydens my geboorte ŉ kristal oor haar maag laat swaai nie?" Ek antwoord eerlik dat ek dít nie weet nie. Sy verduidelik dat dit die oorsprong van bindinge kan wees. Ek sê vir haar dat ek regtig ŉ vrye lewe in God se genade ervaar al leef die sonde baie diep binne-in my. Dis asof my vryheid haar grief.

Sy sê sy hoor dat ander sê ek het sulke posters van vieslike geraamtes teen my mure in die weermagbarakke. Ek weet sy het nie ruimte in haar diagnose vir surrealistiese kuns nie en sê dat ek nie my posters met ander mense bespreek nie. Hierdie soeke na privaatheid is blykbaar een van die simptome en gee haar die vrymoedigheid. "Sy hoor dat toe ek ŉ student was moes hulle duiwels uit my uitdryf?" Ek sê vir haar sy hoor baie dinge. Sy sê maar dis juis hoekom sy hier is. Sy wil my beskerm.

Sy sê sy hoor dat ek epilepsie gehad het. Ek sê: "ja, dis waar". Sy sê sy wil graag weet wat werklik met my gebeur het. Ek sê ek het regtig epilepsie gehad. Sy wil weet hoe het dit dan weggegaan. Ek sê ek het pille gedrink.

Haar woede teen die pille ken geen perke nie en jare daarna moet ek nog mense in die oë kyk wat weet die pille het nie gewerk nie.

Ek sit in Pretoria op versoek van ŉ vriend, ŉ polisieman wat gebelgd is daaroor wat hy as skande vir sy beroep ervaar. Ek moet na ŉ kolonel luister. Hy is ŉ kenner want hy het tot bekering gekom. Hy het só tot bekering gekom dat die polisie hom uitgeskuif het na ŉ nuwe eenheid, volgens hom. Hy is nou die hoof van die polisie se duiwelkommissie. Hy is die enigste lid van die polisie se duiwelkommissie.

Dis in ŉ kerk met ma's en jong kinders. ŉ Paar tieners sit deur die geweld wat hulle daar versamel het in hulle stywe lippe en rûe. Die ouers sit in afwagting op die finale oplossing vir die kinders.

Hy begin met die simptome van duiwelsbesetenheid by kinders. Hy gee ŉ ware kliniese beeld van enige kind tussen sestien en agttien. Dan begin hy wys wat gebeur met kinders wat sulke musiek luister. Hy wys dwelmverslaafdes en prostitute. Hy wys ŉ koekie seep wat van babavet gemaak is tydens offers vir Satan wat hy later jare verduidelik het as ŉ voorbeeld van hoe só ŉ koekie seep sou kon lyk as hulle aan Satan sou geoffer het.

Hy ken sy gehoor beter as ŉ polisieman en kom met die finale skok oor duiwels: ŉ kaal vrou op ŉ altaar vir Satan. Dis nie ŉ foto nie. Dis ŉ handskerm wat hyself met ŉ filtpen gemaak het, sommer op ŉ transparant. Hy het die geslagsdeel duidelik geteken en met pennestreep behaar. Die seuntjie voor my steek sy kop in sy ma se arm en die tiener langs hom grynslag.

ŉ Skietgebed kom uit my hart dat die Here dit mag beskik het dat hy net seuns het. Hulle sal weens hulle geslag dalk die haat vir die vrou gespaar mag bly.

Voor hierdie transparant verduideliking die kolonel hoe jy duiwels uit kinders uitdryf.

Ek wóú op die kerk se duiwelkommissie kom.

Voor die tyd probeer ek ŉ geleerde dominee wat belangrik in die kerk is wys op die ellende wat ŉ duiwelsbeleid op lidmate sal hê. Hy antwoord my in die pluraliteit wat alles akkommodeer om alles te wil beheer.

Ons is in sitting. Ons moet begin met getuienis. Ek sit langs Ou Dominee. Omdat Ou Dominee weet, begin die getuienisse aan sy anderkant, nie my kant nie. Hulle is die kenners van hulle gebied.

Daar is effens van ŉ kompetisie gees in die getuienisse oor die krag van God. Hy is die een wat tans die mantel dra. Ons het teen die duiwel geworstel sê hy. "Ek en die ouderlinge het haar aan die een arm vasgegryp en die duiwel het haar

aan die ander arm vasgegryp. In die krag van die Here kon ons haar losruk uit die mag van die duiwel. Die volgende oggend was haar arm blou-pers aan die kant waar die duiwel getrek het. Die mag van die bose is werklik, al wil die lidmate dit nie glo nie."

Later jare was dit hoofberig in glanstydskrifte. Die dominee kon twee lidmate wat mediese dokters is, oortuig om haar binne-in die kerksaal te opereer om die bose uit haar uit te haal. Iewers in haar het die bose toe die oorhand gekry en hulle almal hof toe gevat. Sy het in die hof vertel dat sy vir die dominee wat duiwels wou uitdryf elke keer vertel het wat sy elke keer geweet het hy geweet het.

Die volgende getuie dra nie die mantel nie, maar is hoog in aanvraag in die gemeentes as ʼn dominee wat weet hoe om met jongmense te werk. Hy vertel van die ware mag van demone waarvan die ouers nie weet nie. Hulle kan materialiseer. Ek het nie ʼn idee wat dit is nie en vra. Hy verduidelik dat hulle lywe kry. In grafiese detail verduidelik hy hoe hulle lyf kry en dan met hulle aanbidders seks het en dan weer dematerialiseer. Orgies sonder bewyse of getuienisse na die tyd! Die grafiese detail van hierdie demone se magte gee my ʼn ongemak wat ek laas beleef het toe ek ʼn as tiener na die verbeeldingsvlugte van mede-matrieks moes luister.

In my hart is ek dankbaar dat hierdie dominee nie vir die tieners in my gemeente hierdie magte kom verduidelik nie.

Ek het gesien die kapelaan het al begin vroetel toe die getuienisse begin het. Hy is nog nie ʼn kenner nie. Maar in sulke getuienisgroepies in die kerk moet jy ʼn getuienis hê. Hy begin deur te sê dat sy eerste kontak met die bose was in die seineenheid in Pretoria waar hy kapelaan was. Dit was in die tyd toe die weermag teen die Kommuniste moes baklei het en die kapelane teen die Sataniste.

Die troepe het dit self vertel. Dis die waarheid. Die jeep was die aand toe almal van diens afgegaan het voor die Samel toegeparkeer. Maar toe al die range die volgende oggend terugkom was die jeep agter die Samel parkeer. Niemand het geweet hoe dit gebeur het nie. Dit was totaal onverklaarbaar. Maar dit was nie die ergste nie. Die volgende keer het dit toe net weer só gebeur maar hierdie keer was die Samel se ligte aan. Dit was dinge wat niemand kon verklaar of verstaan nie.

Ek was diensplig kapelaan in die Kaokoveld, Venda en is tydens die getuienissessie kapelaan van regiment Christiaan Beyers. Daarom het ek geweet die troepe het ʼn diep dankbaarheid gehad vir hierdie kapelaan wat vir hulle bevelvoerder die dinge van die magte van die bose kon verduidelik het. Hulle sou dit nooit self so vir die bevelvoerder kon verduidelik het nie.

Ou Dominee voel dat hierdie vertellings is genoeg om vir die kerk ŉ duiweluitdryfbeleid saam te stel en stop die getuienisse net voor my. Ek sê vir hom ek wil ook getuig. Hy kyk na my en sê hy is jammer hy het nie geweet ek wil ook getuig nie. Ek sê ek wil want ek het ook die mag van die bose in Louis Trichardt leer ken.

Vir die eerste keer is ek deel van die groep.

Ek vertel en wat ek vertel, het gebeur.

Dit was met die aankoms van ŉ nuwe pastoor. Hy het geweet van die Duiwel en die Duiwel se magte begin leer in die dorp. Dit het in die meisieskoshuis begin. Die meisies het geweet sy is anders maar dit nooit verstaan nie, net verdra. Sy het nie veel gepraat nie. Net altyd so eenkant gestaan. In die nagte het hulle gehoor dis nie stil in haar kamer nie. Baie keer het hulle in die middel van die nag gesien haar lig brand.

Toe die pastoor in sy herlewingsdienste vir hulle gewys het op die tekens van Satanisme het hulle geweet. Toe kon hulle getuig hoe hulle die mag van die bose voel as hulle verby haar kamer in die nag geloop het. As sy op plekke kom het snaakse dinge begin gebeur en niemand kon dit verklaar nie. Hierdie magte het so sterk geword dat dit net hulle bekering by die pastoor was wat hulle weer veilig laat voel het. Hulle het nou geweet dat die Here hulle waarlik teen die bose beskerm as hulle waarlik sy wedergebore kinders is.

Hulle het later op ŉ manier uitgevind dat sy die hoofheks in LouisTrichardt is. Een van die dominees sê hy kan onthou van die ding wat in Louis Trichardt gebeur het.

Ek sê toe ja en hierdie hoofheks was een van my eie lidmate. Die ergste vir my van hierdie wonderlike werking van die gees in LouisTrichardt was dat die hoofheks net nooit geweet het sy was die hoofheks nie.

Toe sy met my kom praat het en ek haar probeer wys het dat angs iets is wat baie mense beleef en dat daar mense in Pietersburg is wat kan help, moes ek vir haar vertel hoekom haar koshuismaats haar só vermy. Dit is nie omdat sy in haar angs nie kan kontak maak nie, dis net omdat hulle weet sy is die hoofheks van Louis Trichardt.

In daardie verwilderde oë het ek iets van ŉ godsverlatenheid beleef waarvan ons in ŉ kreet op Golgota bevry is, maar in Louis Trichardt nie vertel is nie.

Die haat van die kenners van die Duiwel is meteens. Ou Dominee sê hy het geweet dis hoekom ek op die komitee wou wees.

Ek sê: “Ek het ook geweet.”

Die komitee kon die beleid nie algemene beleid maak nie. Die sinode het in die gees van pluralisme aanvaar dat die Duiwels sonder een beleid vir almal deur kenners op hulle eie manier in elke gemeente uitgedryf kan word. Die dominees ken hulle eie lidmate en die plaaslike omstandighede, wat elkeen van ’n ander gemeente verskil, die beste.

Hulle sal beter weet.

ds. PJ Kriel